Die Koerier

Jaargang 37
Nommer 07

GEREFORMEERDE KERK LYTTELTON

www.gklyttelton.org.za

ONS EREDIENSTE VANDAG

Oggenddiens

Die Diens word waargeneem deur Ds. Christo Swanepoel. Die Skriflesing is: Openbaring 5:1-14
Teks: Openbaring 5:5
Tema: "Die Middelaarskrag van Christus is Sy kerk se enigste troos."

Die Middelaarskrag van Christus.
Die kerk se troos.

Sing: Psalm 84:1 en 3; Skrifberyming 12-3: 1 en 2; Palm 25: 7; Psalm 105: 5; Psalm 33: 6 en 7; Psalm 89:3 en 7

Aanddiens

Ds. Christo Swanepoel lei die diens Die Skiflesing Lukas 11:1-13. Teks: Lukas 11:13
H.K. Sondag 46
Tema: "Die Almagtige het in Sy liefde ons hemelse vader geword en ons moet Hom so in ons gebed bely." Christus leer ons om in ons gebed te vertrou op:

Die Vaderliefde van God.
Die almag van God.

Sing:
Psalm 149:1 en 2; Psalm 134: 3 (seënbede); Skrifberyming 2-4: 1 en 3; Skrifberyming 10-2; Psalm 73:10 en 11

MEELEWING

Maandag word 'n plaat uit Rika Venter se heup verwyder. Sodra die operasie genees het, moet sy gaan vir 'n heupvervang -ing. Sterkte word haar toegewens.

Br Koos Oosthuizen verswak by die dag. Almal se voorbidding word vir hom en Hazel gevra. Hulle gaan deur 'n baie spanningsvolle tyd.

Ons is dankbaar dat baba Josua Nortje so aangesterk het, dat sy ouma's hom mag hanteer en vertroetel in die oggende as Heleen nog by die werk is.

Baie geluk Jaco en Elizma van der Merwe met die doop van Leah Isabella vanonggend. Mag dit vir dir julle toe gtoot seën wees. Ook baie geluk aan die grootouers Kobie en Jannie Nieman en Marius en Stef Gernandt.

MANNA EN KWARTELS VIR DIE GEES

Dr Callie Opperman, emeritus predikant van Windhoek-Suid en nou woonagtig te Swakopmund.

FOKUSGEDAGTE
LEEF NUUT AS CHRISTEN

FOKUSVERS

Moenie langer soos heidene lewe nie (Efesiërs 4:17)

Bely jy dat jy 'n Christen is? Jy glo in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees. Jy aanvaar die Bybel as Woord van God. Jy behoort aan 'n gemeente. Jy is gedoop. Jou bure sal dalk sê hulle sien jou kerk toe ry op Sondag.

As jy jou in so 'n beskrywing tuis voel, behoort jy ook anders te leef as die ongelowiges, die nie-Christene. Die manier waarop ons dink, praat en optree,

behoort uit te staan, behoort sigbaar te wees. Opgemerk dat ons nuut gemaak is in Christus.

So het die apostel Paulus die leiding van die Gees ontvang om aan die gemeente in Efese en aan die kerk in die algemeen te skryf. In die Naam van die Here word 'n ernstige beroep gedoen. Met gesag as gestuurde apostel van die Here Jesus Christus. Lees ek sy woorde, dan besef ek daar is so baie ruimte vir verbetering. In my eie lewe, in die gemeente waar ek aanbid, in die gemeenskap van Christene in die dorp en land waar ek woon. Ek hoor die Here roep my toe: LEEF NUUT AS CHRISTEN!

MOENIE LANGER SOOS HEIDENE LEWE NIE

Met heiden bedoel Paulus die ongelowiges, daardie mense wat geen kennis van die ware God gehad het nie. Romeine en Grieke wat afgode aanbid het en wat totaal ander norme gehad het. Hulle word beskryf as: *"Hulle gedagtes lei tot niks, hulle verstand is verduister, en hulle het geen deel aan die lewe wat God skenk nie, omdat hulle hardnekkig in hulle onkunde volhard. Hulle het heeltemal afgestomp geraak en hulle met 'n onversadigbare drang aan losbandigheid oorgegee om al wat vuil is, te doen."* (Efes 4:18-19). Vandag sou ons die heiden beskou as die persoon wat nie in Jesus Christus glo nie, wat nie deel het aan die ewige lewe nie, wat losbandig leef en hulle lewe deur vuil begeertes laat oorheers. Die Christene en nie-Christene deel dieselfde gemeenskap, werk by dieselfde plek, se kinders gaan saam skool toe, bank by dieselfde bank, koop by dieselfde winkels. Die waarskuwing is: Jy kan nie daardie nie-Christen se lewe as maatstaf van reg en verkeerd gebruik nie. Hulle lewe word nie deur Jesus Christus en sy Gees beheer nie. *"Moenie langer soos heidene lewe nie!"* In jou eerlikheid, seksuele reinheid, kinderopvoeding, huwelikstrou.

JULLE GEES EN GEDAGTES MOET NUUT WORD

In die eerste deel van die Efesiër-brief word beklemtoon dat God sondaars uit genade verlos. *"Deur sy groot liefde het Hy ons wat*

dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered!" **(Efes 2:5). Ons hoor duidelik die evangelie: Nie deur goeie werke nie, maar uit genade gered, deur geloof in Jesus ons Verlosser!**

Maar, pas tog op! Die evangelieboodskap mag ons nooit verlei om 'n dubbele lewe te lei nie. Aan die een kant bely ons dat ons in Christus glo, dat ons dankbaar is vir vergifnis van sonde. Maar aan die ander kant leef ons nog "soos heidene", soos mense wat geen band met Christus het nie. Dit mag nie! Dit is vals. Deur die lewe wat die Gees in ons opwek, kan ons losbreek van 'n heidense leefstyl! Doen dit! Eer God daardeur. Groei in jou geloof. !

SILWERKRONE

Silwerkrone lede, neem kennis asseblief. Die ledevergadering wat geskeduleer was vir 14 Maart word geskuif na 21 Maart. Karrie Grönum gaan ons toespreek.

VRYDAG 1 MAART VET EN PANNEKOEK VERKOPING

Dit is ons eerste Pannekoek- en Vetkoekdag vir die jaar. Ons het bestellings nodig om 'n sukses van die dag te maak. In die portaal voor in die kerk is bestellyste waar bestellings geplaas kan word vir Pannekoek en Vetkoek. Plaas asseblief julle bestellings en noem ook hoe laat dit gereed moet wees. As jy lus voel kan jy sommer ook kom help. Dis baie gesellig. Jan Plomp kan ook gekontak word by 084 767 4880. Die pannekoek kos R25 en die Vetkoek R25.

Wend asb 'n groot poging aan om bestellings te werf. Bederf vroegdag al jou kollegas by die werk met een sodat hul self wil ry om nog te kom kry. Jy noem die tyd wanneer jy bestelling wil kom afhaal en dit sal gereed wees.

DOPPERTJOKKERS

Skryf in jou kalender. Vrydagaand 1 Maart beplan die ouer en kindergroep 'n byeenkoms vir die jongspan. 'n Entemoloog kom met die kinders praat oor "Insekte ons Vriende." Dit is 'n interaktiewe opvoedkundige praatjie wat groot pret vir oud en jonk beloof.
Belangstellendes kan met Marlette van Rooyen gesels vir meer inligting. Kom gerus en deel in die nuutjie.

DOPPERPARLEMENT

8 Maart nooi ons die al die dopperparlement lede om saam te kom braai by die kerk. Almal is welkom. By die geleentheid gaan ons, ons die beoogde staptog bespreek. Vir die braai moet jy jou eie vleisie, eetgerei en drinkgoed saam bring.
Daar is nog vier plekke oop. Ons gaan 'n 2dag roete stap. Besoek hierdie webwerf http://www.footprint.co.za/serendipity.htm. Praat asb met Elfrieda de Beer sou jy belangstel.

PRETORIA FM

PretoriaFM se volgende gesprek met die redakteur van Die Kerkblad vind DV
plaas op Sondag 3 Maart 2019 om 07:45. U kan na PretoriaFM luister op 104.2/ 106.6 MHZ; of TV-oudiokanaal 887.

WINTERMARK Sou jy 'n stalletjie wil huur vir die Wintermark gesels met Griet Swanepoel. Die stalletjie gaan jou R200.00 kos. Bespreek so gou doenlik

WATERLEKPROBLEME?

Hier is jou antwoord. Die twee Bloemhof broers, Marinus en Heinrich het saamgespan en kan 'n verskeidenheid probleme aanpak. E-pos Marinus by etkwaterproofing1@outlook.com of Heinrich by etkwaterproofing@outlook.com

ETK Waterproofing **STOP THE SNEAKY LEAKY**

For all your WATERPROOFING NEEDS
Tiled Roofs, Steel Roofs, Ridges, Valleys, Sidewalls, Headwalls Tiles, Chimneys
Stuur vir hulle 'n e-pos sou jy hulp benodig



Susters: Ons wil julle graag van harte bedank vir heerlike ete na die Nagmaal verlede Sondag en vir die versnappering wat na die doop vanoggend aangebied is. Julle is sterre

HIERDIE WEEK HOU ONS, ONS BESIG MET:

Vandag: Die kollekte tydens die erediens is vir die **Diens van die Diakens** en by die deure vir **die Emiritaat versorging.** Die ouderlinge en diakens van wyke 15 en 16 is aan diens. Die susters van Wyk 9 nooi jou na die diens saam te kom tee drink by Dopperdraai.
Katkisasie: Die katkisasie open in die Kerk na die Diens. Les 5. **Bybelstudie:** Dinsdag om 09:45, Die Silwerkrone bestuur vergader na die Bybelstudie. Daar is nie Donderdag nie. Ds Swanepoel is besig me visitasie.

VERJAARSDAE

27 Februarie: Katryn Bezuidenhout; Amand Houston Mcmillan, Elfrieda de Beer, Eugenene Jansen van Rensburg , Aliska du Plessis.
28 Februarie: Clarence Erasmus.
1 Maart: Flip Buys en Johan van Wyk.
2 Maart: Gherda Ferreira; Elza van der Linden; Marlene van Rooyen.

KLEINADVERTENSIES

RIEMPIES: Riempies gebreek/stukkend? Stoele en 2 sitplek banke. Kontak Jan Plomp. 012-667-3003 of 084-767-4880.
JOU NUTSMAN: Skakel vir Hendrik van der Linden by 071-220 -5683.
ALTOKLEEN: Skoonmaak van Matte, Meubels, Leer en Materiaal, Matrasse, Vensters, Geboue, Kantore, Store en Huise. Baie dankie, ALTA by 082-395-6449.
Kaapse Koekies Gesels met George Lee oor Die lekkertste koekies en beskuit. Kyk ook ons berig elders in die koerier. Bel hom by 082-778-5511. Daar is ’n pryslys beskikbaar.
VLEIS. Chris du Plessis is weer op spoor met die verskaffing van die vleis. Skakel Chris by 084-517-6308
It’s my Party: Reël u kind se partytjie deur Elize Pretorius by 082-356-6603 of 012-663-6142. Al die benodighede vir die partytjie word verskaf.

ALGEMENE INLIGTING

Predikant: Ds Christo Swanepoel, Burgerlaan 113, Lyttelton Manor. 012-664-2195. Selfoon 083-263-7641. E-pos swanepoel.gerefkerk@telkomsa.net

Bedieningskommissie: Ouderling Kobus Erasmus. Tel 082-334-1845

Bestuuurskommissie: Ouderling Tiddo Voogt: 0828927748

Voorsitter van die Diakonie: Diaken Johan van Rooyen Tel: 0834305884 . **Susters Voorsitter:** Sr Griet Swanepoel. 012-664 -2195

Die Silwerkrone Voorsitter: Br Jan Plomp 012-667-3003

Orrelis: Jaco Viljoen Tel: 076-554-6527

Koster: Mike Muller 012-667-3241

Kerkkantoor: Dirk Schoeman 082-473-9135

Bankrekening van die Kerk: Absa Bank Lyttelton, Takkode 335-045, Rek No: 0600-340-077

Die Kassier: Ouderling Kobus Robbertse 079-820-1329

Bankrekening van die Diakonie: Bank: ABSA Rek: 600280031 Tak: 632005

Bankrekening van die Susters: Gereformeerde Susters Komitee, ABSA Bank Lyttelton Takkode 335045, Rek No: 600 340 239

Die Koerier: Ferdie van Wyk - ferdievw@telkomsa.net

Gereformeerde Kerk Lyttelton
H/v Stasie en Monument Strate
Navrae: Dirk Schoeman
Tel 012-664-4325
E-pos: gkl@telkomsa.net

Skribas:
Oudl Carl Pohl
Selfoon: 082-469-1620
Oudl Pieter Bos
Selfoon: 081-390-2321

Attes Skriba: Henry Engelbrecht,
Tel: 012 664 0714. Selno: 082-680-6821
E-pos: henmet@telkomsa.net

Emosionele Ondersteuningsnetwerk: Indien u emosionele bystand weens eensaamheid, siekte, trauma ens. beleef of net wil deel word van die emosionele ondersteuningsnetwerk in ons gemeente, kan u gerus vir Trudie Grobbelaar (koördineerder) skakel by tel: 012 653 1195, of sel: 084 589 5965.